**Maandag 16 Desember**

| Skrifgedeelte: Openbaring 1 | Fokusgedeelte: Openbaring 1:17 |
|---|---|

**Die Here Jesus is die Eerste en die Laaste en die Lewende (4)**

Só oorweldigend was die heerlikheid en die majesteit van die Here Jesus Christus in sy openbaring dat Johannes soos ’n dooie aan sy voete geval het. Die Jesus Christus van smarte het hy geken, maar die heerlikheid van die Regter-God vernietig hom. Want niemand kan God sien en lewe nie.

Dan lê die Here Jesus Christus sy regterhand op Johannes en sê: *Moenie vrees nie. Ek is die Eerste en die Laaste en die Lewende*. As Eerste was die Here Jesus Christus met God toe die aarde geskape is. As Laaste sal Hy die wêreld oordeel. Maar as Lewende regeer Hy met God in ewigheid. Die Here Jesus Christus is geen dooie afgod nie. Hy kan nie sterf nie. Hyself sê vir Johannes: *Ek het die sleutels van die dood en die doderyk.* Hy het met sy lewe die belofte van redding en opstanding uit die dood verseker – onveranderlik.

Dis vandag Geloftedag. Dis teenoor hierdie God wat Eerste en Laaste is en wat die sleutels van die doderyk hanteer, wat ons voorouers ’n gelofte afgelê het dat ons tot in die verste geslagte ons kinders van sy verlossende liefde en almag sal leer. Mag ons die Here Jesus Christus biddend dien en vertrou – want Hy verander nooit – dus ook nie sy liefde nie. Maar dan moet ons ook nie ons geloftes aan Hom verander nie.

Johannes sien ons verheerlikte God. Die stryd is verby. Sy teenstander is vernietig. Die koninklike Vors regeer oor ons en ons is by Hom in volle heerlikheid – God wat in sy trou sy beloftes hou.

*Sing: Psalm 66-1:6*

*Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)*